

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

9 Augustus 2020



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse erediensteSondae 9:30 & 18:00In die Gemeentesentrum (GS) op die
NWU-PUK kampus, Hoffmanstraat 28**Kerkkantoor in die GS**Lulu Coetsee – 018 294 4894
of 079 494 7360

Dinsdae- & Vrydae oggende 8:30-12:00

English worship serviceSundays 11:00In the Church House on the
NWU-PUK Campus, Hoffman street 28**Predikant**

Brahm Robinson – 064 656 1374

brahmrobinson@gmail.com

Kontakpersone & Inligting **Pastorale berader:**

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Susters:Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com**Koster & Powerpoints:**Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com**Vir vervoer na eredienste
& kerkaksies:**Zard Aucamp –
061 638 5247**Erediens preke & oordenkings:**<http://gkcachet.org.za/preke/>**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**<https://npwepener.wixsite.com/website>**Hulppredikante:**Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777**Diakonie (vir koskas, nood & skenkings)**Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com**Jubila-voorsitter:**ID Nagel – 072 926 6851
idvnagel3910@gmail.com**Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:**Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com**Bankbesonderhede:**Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters & van

Liturgy: Morning Service 9 August 2020

Rev Brahm Robinson

Votum and Greet Blessing

Prayer

Hymn of Praise: Hymn 255:1, 2, 3

Confession of Faith: Athanasian (Abridged Version)

Law: Romans 13:8-14

Sing: Psalm 119:1, 2, 3

Prayer

Sermon: 1 Corinthians 10:1-13

Focus verse: 1 Corinthians 10:12

Theme: God always provides sufficient means and power
to believers to glorify Him

Prayer

Collection of Love Offerings (SnapScan)

Sing: Psalm 19:3, 4, 5, 6

Sending Blessing

Sing: Hymn 259

[Livestream](#)

Liturgie: Aanddiens 9 Augustus 2020

Prof Albert Coetsee

Votum en Seëngroet

Lofpsalm: Psalm 66-1:1, 2, 3

Gebed

Sing: Psalm 86-1:3, 4, 5

Woordbediening: Deuteronomium 3:23-29

Fokusvers: Deuteronomium 3:24

Tema: Die HERE is onvergelykbaar!

Gebed

Liefdegawes (SnapScan)

Sing: Psalm 145-1:1, 2, 3, 4, 12

Uitsturseën

Amen: Skrifberyming 13-3

[Uitsending](#)

Preekskets (Aanddiens)

In Deuteronomium hoor ons van Moses se hartroerende gebed om die beloofde land in te gaan (Deut. 3:24-25), en die Here se antwoord hierop (Deut. 3:26-28). Tog bevat hierdie gedeelte soveel meer. Dit handel in die eerste plek oor wie die Here is ... en hoe ons hierop moet reageer.

Wie die Here is volgens ons Skrifgedeelte kan in een enkele sinnetjie opgesom word: Hy is onvergelykbaar!

1. Die Here is groot en magtig en tot alles in staat (Deut 3:24) – bely dit!
2. Die Here is heilig (Deut 3:25-26) – eer Hom!
3. Die Here is genadig (Deut 3:27) – berus in sy wil!
4. Die Here voer sy plan uit (Deut 3:28) – doen jou roeping!




gedagte vir die week

Sing hallelujah tot Gods eer,
loof, alle nasies, prys die Heer;
sy liefde is almagtig, sterk,
sy trou is ewig, onbeperk.
Loof, alle nasies, prys die Heer,
sing hallelujah tot sy eer.

Psalm 117 (Cloete)

Lief en Leed:




Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollekte en bydraes:

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:




Oggend 1ste kollekte:
Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollekte:
ABSA Tjekrekening
0670280012
Takkode: 632005
Verwysing:
• Diens van Barmhartigheid
(deponeer elke kollekte apart)

<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>

Aand 2de kollekte:

Pro Ecclesia studielening-fonds

EFT vir kollekte:

ABSA Tjekrekening

0670280012

Takkode: 632005


Verwysing:

- Pro Ecclesia studielening-fonds

(deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:



<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I>

ABSA Tjekrekening

0670340023

Takkode: 335138

Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE HIERDIE WEEK:

9 Augustus Gerrit Coetzer

10 Augustus Cecilia Engelbrecht



10 Augustus Peet van der Westhuizen

11 Augustus Ruan Hom

13 Augustus Karmien Buys



15 Augustus Zard Aucamp

Loof, o my siel, en alles wat in my is, loof, loof die HEER in wie'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

Psalm 103:1

Administratief

1. Attestaat vertrek:

Kobus Jeremias Booyens na *GK Koster*

2. Finansies

Ons het nog bydraes ontvang in antwoord op ons oproep vir finansiële steun. Baie dankie aan almal wat ons ondersteun het!

3. Eksamenpreek

Teologiese Student Mduduzi Mahlangu lewer volgende Sondag, 16 Augustus, tydens die oggenddiens sy eksamenpreek.

KOEPELSTAP 2020

DATUM: 10 AUGUSTUS

PLEK: THABELA THABENG

VERTREK: 8:30 VANAF
ONTVANGS

TERUG: 14:30

KOSTE: R50PP
(VERVOER UITGESLUIT)

RSVP 9 AUGUSTUS

KONTAK: WILLEM VD MEER
0730216871



Masker
"STRAPS"
BESKIKBAAR TEEN
R40
PER ITEM

Cachetfabriek@gmail.com

Kontak ons vir die ontwerpe en kleure van die masker-"straps". Gedeelte van die wins gaan vir GK Cachet se boufonds.

Ons kan ook beskikbare ontwerpe 3D-print vir jou.

Kruispad e-tydskrif

GKSA Jeug



maandeliks
gratis
gereformeer

Kom, laat ons bid!

In die laaste paar maande se uitgawes het ons baie na ons verhouding met die Here gekyk, en hoe ons daarin kan groei. Die [vorige uitgawe](#) het gefokus op die stiltetyd wat jy saam God spandeer. Hierdie maand fokus ons spesifiek op gebed. In enige verhouding is kommunikasie belangrik, maar nog te meer in jou verhouding met die Here! Jy moet werk daarvan maak om die verhouding te laat voortleef. God praat met jou deur die Bybel en daarom moet jy jou Bybel lees. Jy kan dan antwoord daarop in gebed. Meer as dit, gebed is daar om die Here te loof en prys vir sy wonderlike genade. Dit is in gebed wat ons die Here om hulp kan roep, en wat ons, ons diepste bekommernisse kan deel. Ons wil saam die Koragiete kan sê "... vroeg in die môre al bid ek tot U" (Psalm 88:14). Behalwe vir hierdie maand se ses nuwe artikels oor gebed, kan jy ook op kruispad.net al die artikels oor [gebed](#) gaan lees. [Stuur](#) gerus vir ons 'n e-pos as daar iets is wat jy oor gebed wil vra.

Vriendelike groete

Kruispad-redaksie



Insig: Jou gebed en God se wil

Wat bedoel ons as ons van die wil van God praat? Leer meer oor die verborge en geopenbaarde wil van God en hoe ons vir God se wil moet bid. [Lees die artikel hier.](#)




Antwoord: Hoe verhoor God ons gebede?

In die gedeelte waar Jesus die dissipels leer bid, leer ons in watter gesindheid ons moet vra wanneer ons bid, en wat ons verwagtinge moet wees wanneer ons vra. [Lees hier.](#)



Insig: Die Psalms as 'n boek van gebed

Die Psalms is gebede en kan jou help om jou gebedslewe te verryk. [Lees hier](#) hoe ons in die Bybel geleer word om in Jesus Christus se Naam tot God te bid.



Insig: Gebed is die emosionele asem van jou geloof

Gebed is baie belangrik in jou verhouding met God. [Lees hier](#) wat jy kan doen as jy sukkel om jou emosies in woorde om te sit om te bid.



Insig: Bid dat jy met die Heilige Gees vervul sal word

Vervulling met die Heilige Gees is nie eenmalig nie. As jy werklik onder Christus se heerskappy wil leef, moet jy om daaglikse vervulling bid. [Lees hier meer.](#)




Leefstyl: Begin 'n groep wat saam bid

Die geleentheid om saam te bid is 'n heerlike geskenk wat die Here vir sy kinders gee. Só behoort 'n gebedsgroep te lyk. [Lees die artikel hier.](#)

Laai hierdie nuusbrieff as 'n PDF-dokument af wat jy kan deel

Jy is Myne - Dr Kobus van der Walt - Facebook bemarking



Liewe gemeente,

Dr Kobus van der Walt, emerituspredikant het tydens die grendeltydperk verskeie geloofsgesprekke aangespreek en dit is nou beskikbaar in boekformaat. Die boek bestaan uit 60 gesprekke wat handel oor verskillende temas wat veral tydens die grendeltyd na vore gekom het. Die leser sal die temas herken as ooreenstemmend met emosionele en geestelike ervarings wat met verskillende stadiums van die grendeltyd gepaardgaan.

Verskeie menslike emosies soos onrus, twyfel, onbegrip, kleingeloof, moedeloosheid, bekommernis, ens. word onder die loep geneem. Met groot begrip en sensitiwiteit word elkeen van hierdie emosies as menslike verskynsels erken.

Annamie Odendaal, boeksensent van die Vroueblad skryf die volgende: "Dié dagstukke praat met elkeen midde-in hierdie vreemde onsekerheid en wys rustig waar die ware en vaste sekerheid lê - om te lewe in die arms en hart van God. 'n Troos vir elkeen van ons in hierdie uitdagende tyd van tuisbly, veral vir jou wat alleen moet sterkstaan. Daar is mense onder ons wat regtig swaarkry – met of sonder inperking se ontwrigting. Die gesprekke draai gereeld na sulke mense, hetsy dit swaarkry weens eensaamheid, siekte, finansiële redes of wat dit ookal is".

Aangeheg is 'n foto wat op u kerk se Facebook-blad geplaas kan word, met die volgende inligting:

Dr Kobus van der Walt, emerituspredikant het tydens die grendeltydperk verskeie geloofsgesprekke aangespreek en dit is nou beskikbaar in boekformaat. Die boek bestaan uit 60 gesprekke wat handel oor verskillende temas wat veral tydens die grendeltyd na vore gekom het. Verskeie menslike emosies soos onrus, twyfel, onbegrip, kleingeloof, moedeloosheid, bekommernis, ens. word met groot begrip en sensitiwiteit aangespreek.

Jy is Myne kan gebruik word vir persoonlike geloofsverryking, vir pastorale begeleiding, as inleiding vir 'n gesprek met kleingroep- en Bybelstudiebyeenkomste en vir 'n huisbesoekgesprek, ook vir ouderlinge – veral nou waar die saamkom van lidmate nie so maklik is nie. Die boek is ook 'n ideale geskenk.

Koop die boek gerus teen R150 aanlyn by <https://www.jyismyne.com/> of stuur 'n epos na jyismyne@tiemedia.co.za om een te bestel. **Gebruik die kode AUG2020 en kry R30 afslag.**

JY IS MYNE

Om te leef in die arms en hart van God

Bekendstelling

60 Geloofsgesprekke

Dr Kobus van der Walt

Hierdie geloofsgesprekke het tydens die inperkingstyd as 'n plaasvervanger vir die weeklikse samekoms van ons Bybelstudiegroep in Potchefstroom begin. Met die aanmoediging van vriende kon die publisering van die gesprekke 'n werklikheid word.

Jy is Myne kan gebruik word vir persoonlike geloofsverryking, vir pastorale begeleiding, as inleiding vir 'n gesprek met kleingroep- en Bybelstudiebyeenkomste en vir 'n huisbesoekgesprek, ook vir ouderlinge – veral nou waar die saamkom van lidmate nie so maklik is nie.

Die boek van 128 bladsye kos R150 en dit sluit die versending deur koerierdiens in. Dit sal DV teen 18 Junie 2020 gereed wees vir versending.

U kan die boek op die volgende wyses bestel:

1. Bestel die boek aanlyn by www.jyismyne.com
2. Vir 'n elektroniese oorbetalings, of vir 'n direkte inbetaling by 'n bank: stuur asb 'n epos na jyismyne@tiemediaco.za met jou naam en van, woonadres en selfoonnommer en ons stuur vir jou die bankbesonderhede aan. Vir telefoniese navrae skakel 021 000 1705.



Inhoudsopgawe

Wees rustig in onrustige tye.....	8
Spotstemme wat jou geloof uitdaag.....	10
Die nabyheid van God is 'n werklikheid.....	12
Die oorvloed van God is ook vir jou!.....	14
Jy is vir God spesiaal!.....	16
Hoe oorwin ek my twyfel?.....	18
Verryk jou gedagtes.....	20
Verryk jou geloof.....	22
God is tog liefdel!.....	24
Ons kan mekaar regtig troos!.....	26
As ons maar sy liefde kan begryp!.....	28
Help my, Here, om regtig te glof!.....	30
Geen doodloopstrate nie.....	32
Jy is iemand met hoop!.....	34
Sy offer en ons gee-offer.....	36
Ek sal vir julle rus gee.....	38
Jesus se opstandingskrag is in jou!.....	40
Om saam met God fees te vier.....	42
Die kleiner spore van die lewe.....	44
God is God en nie 'n mens nie.....	46
My godsdiens het verflou!.....	48
Die geheim van ware sukses!.....	50
Leef jou lewe elke dag!.....	52
Hanteer jou bekommernis reg.....	54
Jesus ons Regter – hoe gaan dit wees?.....	56
Liefde is 'n alles-woord.....	58
Oefen in stroom-op geloof!.....	60
Staan vas in God se krag!.....	62
Hoe werk God se krag?.....	64
By U, Here, skuil ek.....	66

Inhoudsopgawe

Ek bid vir die heela!.....	68
Ons hulp is van God drie-enig!.....	70
'n Klein bietjie is vir God genoeg.....	72
Hoe hanteer ek my terugdink aan gister?.....	74
God se hand in jou lewe.....	76
My worsteling met God!.....	78
Die voorreg om te mag bid.....	80
My lewe moet van Jesus vertel!.....	82
Die "een ding" wat saak maak.....	84
Ek het my lewensmoed verloor!.....	86
My eerbied vir God.....	88
Jesus moet in my meer word!.....	90
My vol lewe in Jesus!.....	92
God se ewige band met jou.....	94
Die onaantasbare geheim van lewe.....	96
Die mooiste woorde wat jy ooit kan sê!.....	98
Die mooi van saamwees!.....	100
Ek is die offer op U altaar!.....	102
Jou geloof kan ook wankel!.....	104
Dien die Here sonder om terug te hou.....	106
God gebruik graag gewone mense!.....	108
My hart wil van dankbaarheid huil!.....	110
Jesus is ons vrede!.....	112
Ons moet kan sterkstaan as gelowiges!.....	114
My gedagtes oor die toekoms.....	116
My taak en invloed in die wêreld.....	118
Hoe regeer Jesus oor alle dinge?.....	120
God se stoorkamer van troos is oorvol!.....	122
Ons is kinders van God!.....	124
Om mekaar se voete te was.....	126

"Die inperking van 2020 het soveel mooi dinge na vore gebring: 'n pragtige kreatiwiteit in kerke; 'n diep waardering vir die gemeenskap van die gelowiges; 'n nuwe vasgryp en vashou aan God se Woord; diepgaande geloofsgesprekke oor ons lewensankers. Hierdie boek vertolk en eggo hierdie dinge pragtig in woorde en bring nog verdere verryking en verdieping! Dit gaan van onskatbare waarde vir baie gelowiges wees."

Ds Reinder Kingma – GK Bellville-Oos

"Met Jy is myne lewer dr Kobus van der Walt getuigenis van sy eie beleving van die voorreg "om te leef in die arms en hart van God". Hiermee word sy Grendelstaat daaglikse Bybel-ontginnende WhatsApp-boodskappe aan sy en Marié se Bybelstudiegroep, wyd gesaai om elke leser te bemagtig vir ons bouwerk aan die "nuwe normaal". Ek is oortuig dat ons Opperherder hierdie boek tot groot seën sal gebruik".

Prof Fika J van Rensburg

"Geloof wat in 'n smeltkroes gelouter is, is suiwer en sterk. Wanneer God se Woord prakties in 'n krisistyd toegepas word, is die resultaat goud werd. Mag die Here hierdie kosbare werk gebruik omgelowiges te bemoedig en te versterk in tye van beproewing."

Dr Malan van Rhyn - expando

"Jy is myne! Wat 'n gepaste titel om antwoorde en sekerheid te bied op gelowiges se vrae en onsekerhede in hierdie grendeltyd. Bladsy na bladsy weerklink die beloftes van ons troue Here in hierdie boek. Kobus kry dit reg om gelowiges se worsteling in enkele woorde vas te vat en die Evangelie daarin te laat spreek. Heerlike pitkos as padkos vir ons wisselende lewenspad."

Ds Charl van Rooy - GK Randburg

Laat waai vir Bybels in ons Virtuele Hardloop en Stap vir Hoop



Sondag 23 Augustus is 'n baie belangrike dag vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Ons herdenk op hierdie dag 200 jaar van Bybelgenootskapwerk in ons land.

Sommige van ons verjaarsdagvieringe moes weens Covid-19 gekanselleer word maar ons is nietemin oorgehaal om steeds hierdie wonderlike mylpaal te vier. Net soos baie ander organisasies gaan ons ook nou virtueel – 'n gepaste manier om 'n nuwe era in Bybelwerk te begin.

Die naweek se tweede eeufeesvieringe is propvol gebeure. Een van die opwindende aktiwiteite is ons Virtuele Hardloop en Stap vir Hoop. Deelnemers kan kies wanneer oor die naweek hulle 'n afstand van 5 km, 10 km, 21 km en 42 km wil voltooi.

Die geleentheid bied iets vir almal, so of jy nou daaglik 'n rustige stappie geniet of 'n ernstige atleet is, jy het die opsie om die afstand van jou keuse enige tyd tydens die twee dae te voltooi. Die inskrywingsgeld is R100 vir die 5 km en R150 vir die res van die afstande. Deelnemers kan ook 'n bykomende donasie gee wanneer hulle aanlyn inskryf.

[Klik hier om vir die Virtuele Hardloop en Stap vir Hoop in te skryf](#)

Fondse wat hierdeur ingesamel word, is ter ondersteuning van die Bybelgenootskap se 2 Miljoen Bybels-projek. Die doel van hierdie projek is om hoop te gee deur die verspreiding van twee miljoen Bybels en twee miljoen stelle Bybelgebaseerde geletterdheidsboekies aan Suid-Afrikaners wat dit nie kan bekostig nie.

Jy kan ons help om 'n verskil in mense se lewens te maak deur aan hierdie inisiatief deel te neem.

Baie dankie vir jou ondersteuning.

Seënwense

lucky nkhoma

hoof: kommunikasie & bemerking